8-10 Maart 2019

Eastco Magaliesburg

Laatsomerkamp by Eastco-Magalies.

So in die tweede week van Maart het die Rietvalleiers drupsgewys by Eastco hulle staan kom staan. Van Sondag af het ons weer so gelydelik padgegee en Maandag finaal verdamp. Dis natuurlik sodat die oord nie oorweldig word deur te 'n hoë tempo van verandering nie.

Dis natuurlik nou Eastco buite Magaliesburg en nie die een langs die Vaalrivier nie; wil iemand nie asseblief vir die Garmin-ouens vertel dat daar meer as een Eastco is nie? Gelukkig weet ons al dat alles wat die gesofistikeerde GPS tannies te vertelle het, nie altyd die enigste waarheid is nie en gelukkig sê die tannies ook nie meer voortdurend "riekêlkoelytieng" nie. (My mede-reisiger sou sommer sê: "Jy luister al weer nie!")

Die vroeë kampers het vir die wis en onwis en die weer wat opgesteek het stormtoue opgespan. Gelukkig was stormtoue nooit regtig nodig nie, maar mens slaap mos baie rustiger as die weer opkom en jy weet jy het gedoen wat jy kon. Die reën het Vrydagmiddag toe kom kuier en te oordeel na die damme water wat na die reën rondgestaan het, het daar 'n goeie millimeter of 20 geval. Eastco kry toe ook die geleentheid om met hul kragopwekker te spog, wat hulle deeglik kon toets.

Die reën die wêreld kom afkoel, maar nie Rudi en Magda se aandete voorbereiding bekonkel nie. Rudi het net die potte en goete dieper onder die tent ingetrek en aanhou roer en braai en gaarmaak. Magda het geselskap gekry wat met die slaaie kom handbysit het. Dit bly maar lekker om te sien hoe die klomp tussen die kuier deur 'n joppie in 'n japtrap kafdraf.

Benewens die waens, het een tent by Eastco gestaan. Nico is die man wat sy tent by ons kom opslaan het en, anders as verlede jaar by Silver Rocks, kon Nico lekker regop staan sonder blitsende rugpyn. Bly jy het kom saamkuier Nico en bly jou rug het jou rus die naweek af gegee! Nico en Frans het hul 4X4 vaardighede kom slyp toe hulle Nico se Jeep in die randte om Eastco laat rondklouter het, net om seker te maak dat die ding sy kwale afgeskud het en weer aan spesifikasies voldoen. Gemeet aan Nico se glimlag, het die Jeep die toets geslaag.

Tydens die voorkamp lek dit uit dat Thinus sy ghitaar saamgebring het en weet hoe om dit te gebruik. Thinus het ons sang begelei tydens die boekevat en "kerk"en die singery het sommer goed gegaan. Dankie Thinus! Dit is lekker as so 'n talent bekend raak en positief aangewend kan word.

Die geheime roomysfabriek-om-die-draai het sy geheime status verloor en die klomp moes natuurlik net weer Saterdag die storie gaan bekyk. Die verkoopspersoneel moes bontstaan want, behalwe die Rietvalleiers, was daar terselfdertyd 'n motorklub wat kom regstaan het vir roomys. Om dinge te bekonkel, laat die roomysmense die nuutste personeellid in bevel met 'n beperkte produk- en pryskennis en ESKOM reël beurtkrag – juis toe! – Maar wat, almal wat wou het roomys gekry en sommige het selfs later teruggegaan vir meer. Terloops, vir die wat sou wou weet, mens kan reken om so R30 meer te betaal as die mense dieselfde 5 liter roomys vir jou by jou huis kom aflaai.

Om te "koek-en-tee" op 'n Saterdagoggend is meer beter bekend, maar 'n kaas-n-wyn op 'n Saterdagmiddag, is nou weer iets anders maar, dit is wat die uitnodiging gesê het. Stiptelik om 15:00 ("stiptelik" losserig gebruik) word stoele en tafels bymekaargesleep vir 'n volgende kuiersessie, die keer met kaas en drinkgoed en eetgoed. Dit het so lekker gekuier dat sommige behoorlik net vuurmaakplektoe versit het vir die buurmanbraai, wat al meer besig is om te ontaard in 'n soort van buurtbraai.

Magdaleen se boodskap Sondagoggend was iets besonders. Met haar tema oor God as ons Pa het sy die verskeie rolle van 'n pa as priester, beskermer, voorsiener, leermeester, kameraad, sterkman en die een wat sy kinders lief het, bespreek aan die hand van bekende bybelverse van oor die hele Bybel. Baie dankie Magdaleen! Dit herinner ons aan die rolle wat God die Vader in ons lewens wil speel, maar ook die rolle wat ons as pa's een ma's in ons eie kinders se lewens behoort te speel. Die boodskap is so prakties, dat mens dit net so in jou lewe kan toepas.

Die "formele" afsluiting van die kamp is opgevolg met 'n lekker nagereg-kuier. Dit was letterlik om die "poeding vir laaste" te hou! Baie dankie aan almal wat meegewerk het om die kamp so 'n sukses te maak, veral aan Rudi en Magda Britz wat opgetree het as kampkomandante.

Die ongelukkigheid wat ontstaan het oor staanplekke later in die dag, is regtig jammer en het niemand en veral nie die oord tot voordeel gestrek nie. Mens kan nie die son en die maan en die sterre tergelykertyd aan meer as een beloof nie. Met Murphy se voorsienigheid gaan daardie selfde "meer as een" aanspraak maak op dieselfde ster, ongeag dat daar meer as genoeg sterre vir almal is. Dit is jammer dat 'n aangename ondervinding so vertroebel moes word.

Johan la Grange

Johan en Erna la Grange kry 40 streek toekenning. Baie geluk.

52

Gelukkige Huweliksherdenking

Seënwense vir Fanie en Alida Venter

37

Gelukkige Huweliksherdenking
Frans en Stefanie Scholtz
Seënwense vir julle.

Saterdag se Kuier

Welkom Nico

Nagereg Sondag

Dis hoe Rietvallei die afsluiting doen na 'n heerlike kuiernaweek.

Rudi en Magda